Hoe om die Heilige Rosekrans te bid

I. BID DIÉ GEBEDE

IN DIE NAAM van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees. Amen. (*Maak die kruisteken soos jy dié woorde bid*).

EK GLO in God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde; en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here, wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die Maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is; wat neergedaal het na die doderyk, die derde dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader; vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode. Ek glo in die Heilige Gees, die Heilige Katolieke Kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergifnis van sondes, die wederopstanding van die vlees, en die ewige lewe. Amen.

ONSE VADER, wat in die hemel is, laat u naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daagliks brood en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Amen.

WEES GEGROET, Maria vol genade, die Here is met u. Geseënd is u onder die vroue en geseënd is Jesus, die vrug van u skoot. Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars, nou en in die uur van ons dood. Amen.

EER AAN DIE VADER, en aan die Seun, en aan die Heilige Gees, soos dit in die begin was, so ook nou en altyd tot in alle ewigheid. Amen.

O MY JESUS, vergewe ons ons sondes, red ons van die vuur van die hel. Lei alle siele na die hemel, veral dié wat u barmhartigheid die meeste nodig het. Amen.

(*Die Rosekrans word met die volgende gebede afgesluit*)

WEES GEGROET, KONINGIN, Moeder vol barmhartigheid, ons lewe, ons vreugde en ons hoop, wees gegroet. Tot u roep ons, verbanne kinders van Eva; tot u smeek ons wat sug en ween in hierdie tranedal. Rig dan, o Voorspreekster, op ons u barmhartige oë en toon aan ons ná hierdie ballingskap, Jesus, die geseënde Vrug, van u skoot. O genadige, o liefdevolle, o beminde Maagd Maria.

Bid vir ons, heilige Moeder van God.
Dat ons die beloftes van Christus waardig mag word.

Laat ons bid: O God, u eniggebore Seun het deur sy lewe, dood en opstanding vir ons die loon van die ewige lewe verkry. Gee dat ons, noudat ons oor die geheimenisse van die Heilige Rosekrans van die Geseënde Maagd Maria nagedink het, mag navolg wat hulle inhou en verkry wat hulle belowe, deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

II. IN DIÉ VOLGORDE

INLEIDING
1. IN DIE NAAM...
2. EK GLO IN GOD...
3. KONDIG DIE GEHEIMENIS AAN...
4. WEES GEGROET.....
5. WEES GEGROET.....
6. WEES GEGROET.....
7. EER AAN DIE.....
8. O MY JESUS.....

DIE EERSTE TIENTJIE
9. KONDIG DIE GEHEIMENIS AAN.....
10. ONSE VADER...
11. WEES GEGROET...
12. WEES GEGROET...
13. WEES GEGROET...
14. WEES GEGROET...
15. WEES GEGROET...
16. WEES GEGROET...
17. WEES GEGROET...
18. WEES GEGROET...
19. WEES GEGROET...
20. WEES GEGROET...
21. EER AAN DIE...
22. O MY JESUS...

DIE TWEEDE TIENTJIE
23. KONDIG DIE GEHEIMENIS AAN.....
24. ONSE VADER...
25. WEES GEGROET...
26. WEES GEGROET...
27. WEES GEGROET...
28. WEES GEGROET...
29. WEES GEGROET...
30. WEES GEGROET...
31. WEES GEGROET...
32. WEES GEGROET...
33. WEES GEGROET...
34. WEES GEGROET...
35. EER AAN DIE...
36. O MY JESUS...

DIE DERDE TIENTJIE
37. KONDIG DIE GEHEIMENIS AAN.....
38. ONSE VADER...
39. WEES GEGROET...
40. WEES GEGROET...
41. WEES GEGROET...
42. WEES GEGROET...
43. WEES GEGROET...
44. WEES GEGROET...
45. WEES GEGROET...
46. WEES GEGROET...
47. WEES GEGROET...
48. WEES GEGROET...
49. EER AAN DIE...
50. O MY JESUS...

DIE VIERDE TIENTJIE
51. KONDIG DIE GEHEIMENIS AAN.....
52. ONSE VADER...
53. WEES GEGROET...
54. WEES GEGROET...
55. WEES GEGROET...
56. WEES GEGROET...
57. WEES GEGROET...
58. WEES GEGROET...
59. WEES GEGROET...
60. WEES GEGROET...
61. WEES GEGROET...
63. EER AAN DIE...
64. O MY JESUS...

DIE VYFDE TIENTJIE
65. KONDIG DIE GEHEIMENIS AAN.....
66. ONSE VADER...
67. WEES GEGROET...
68. WEES GEGROET...
69. WEES GEGROET...
70. WEES GEGROET...
71. WEES GEGROET...
72. WEES GEGROET...
73. WEES GEGROET...
74. WEES GEGROET...
75. WEES GEGROET...
76. WEES GEGROET...
77. EER AAN DIE...
78. O MY JESUS...

AFSLUITING
79. WEES GEGROET KONINGIN...
80. O GOD, U ENIGGEBORE SEUN...
81. IN DIE NAAM..

III. TERWYL JY DIE GEBEDSKRALE AS VOLG AFTEL

IV. EN DIE VOLGENDE 'GEHEIMENISSE' OF GEBEURE UIT DIE LEWENS VAN JESUS EN MARIA OORPEINS

(*Kondig elke geheimenis aan voordat die Onse Vader gebid word*).

Op Maandae en Saterdae oorpeins ons die 'Blye Geheimenisse'

1ste Tientjie (nrs. 9-22): Die engel bring die boodskap aan Maria (Lukas 1: 26-38)
2de Tientjie (nrs. 23-36): Maria besoek Elisabet (Lukas 1: 39-56)
3de Tientjie (nrs. 37-50): Jesus word in die stal gebore (Lukas 2: 1-21)
4de Tientjie (nrs. 51-64): Jesus word in die tempel aan God opgedra (Lukas 2: 22-38)
5de Tientjie (nrs. 65-78): Jesus word in die tempel teruggevind(Lukas 2: 41-52)

Op Donderdae oorpeins ons die 'Ligryke Geheimenisse'

1ste Tientjie: Die doop van onse Here in die Jordaan (Matteus 3: 13-16)
2de Tientjie: Die huwelik in Kana (Johannes 2: 1-11)
3de Tientjie: Die verkondiging van die koms van God se Koninkryk (Markus 1: 14-15)
4de Tientjie: Die verheerliking van die Here op die berg (Matteus 17: 1-8)
5de Tientjie: Die Laaste Avondmaal, toe die Here die Eucharistie aan on sgegee het (Matteus 26)

Op Dinsdae en Vrydae oorpeins ons die 'Lydingsgeheimenisse'

1ste Tientjie: Jesus bid in doodsangs tot sy Vader (Matteus 26: 36-56)
2de Tientjie: Jesus word gegésel (Matteus 27: 26)
3de Tientjie: Jesus word met dorings gekroon (Matteus 27: 27-31)
4de Tientjie: Jesus dra sy kruis na Golgota (Matteus 27: 32)
5de Tientjie: Jesus sterf aan die kruis (Matteus 27: 33-56)

Op Woensdae en Sondae oorpeins ons die 'Glorieryke Geheimenisse'

1ste Tientjie: Jesus staan op uit de dode (Johannes 20: 1-29)
2de Tientjie: Jesus vaar op na die hemel (Lukas 24: 36-53)
3de Tientjie: Die Heilige Gees daal neer op die Apostels (Handelinge 2: 1-41)
4de Tientjie: Maria word in die hemel opgeneem (1 Korintiërs 15)
5de Tientjie: Maria word in die hemel gekroon (Openbaring 12)

U mag met graagte
dié blad kopieer en gratis versprei.
www.dieoratorium.org